

**23.4 RAPPORT 4: DEPUTATE GEREFORMEERDE PUBLIKASIES – KERKORDEBOEKIE (Art 145)**

**23.4 REPORT 4: DEPUTIES REFORMED PUBLICATIONS – CHURCH ORDER BOOKLET (Art 145)**

- A. Dr GJ Meijer stel die Rapport.  
Dr GJ Meijer tables the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.  
The Report is concluded while the Synod is in session.

**C. RAPPORT / REPORT**

<p><b>1. Opdrag</b></p> <p>1.1 Die opdatering van die Kerkordeboekie in die lig van Sinodebesluite.</p> <p>1.2 Die vertaling van die Kerkorde in ander Afrikatale.</p> <p>1.3 Die opdatering en publikasie van die Kerkorde in die verskillende amptelike landstale.</p> <p><b>Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.</b></p> <p><b>2. Sake waarvan die Sinode kennis neem</b></p> <p>2.1 <i>Opdaterings aan die Kerkordeboekie.</i></p> <p>2.1.1 Opdaterings is aangebring en op die CJBF se webblad gepubliseer.</p> <p>2.1.2 Die Kerkordeboekie van 2015 het in die middel van 2022 uitverkoop. 'n Oplaag met opdaterings word na Sinode 2023 in die vooruitsig gestel.</p> <p>2.2 <i>Kerkorde in Engels</i></p> <p>2.2.1 Die vertaling in Engels is afgehandel, asook die vertaling van die betrokke Bylaes. Dis op die CJBF se webblad gepubliseer. 'n Gedrukte oplaag word na Sinode 2023 in die vooruitsig gestel.</p> <p>2.3 <i>Kerkorde in ander Afrikatale</i></p> <p>2.3.1 Die vertaling van die Kerkorde in Setswana en Sesotho is afgehandel en gepubliseer in 'n boekie wat ook die Afrikaanse en Engelse weergawes bevat.</p> <p>2.3.2 Die vertaling van die Bylaes in Setswana en Sesotho kontinueer.</p> <p>2.3.3 Die vertaling van die Kerkorde in Venda, isiZulu, isiXhosa en Tsonga is ook afgehandel en word aan die Sinode voorgehou ter goedkeuring.</p> <p>2.4 <i>Regstelling KO, art 86</i></p> <p>2.4.1 Dit het onder die aandag van die</p>	<p><b>1. Mandate</b></p> <p>1.1 The Church Order booklet is to be updated as per Synod decisions.</p> <p>1.2 The Church Order is to be translated into other African languages.</p> <p>1.3 The Church Order is to be updated and published in the different official languages.</p> <p><b>Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.</b></p> <p><b>2. Matters that the Synod takes note of</b></p> <p>2.1 <i>Updating of Church Order booklet</i></p> <p>2.1.1 The booklet was updated and loaded onto the CJBF's website.</p> <p>2.1.2 The Church Order booklet of 2015 sold out mid-2022. An updated copy is intended for after Synod 2023.</p> <p>2.2 <i>Church Order in English</i></p> <p>2.2.1 The translation into English has been completed as well as the translation of the associated appendices and loaded onto the CJBF website. A printed copy is intended for after Synod 2023.</p> <p>2.3 <i>Church Order in other African languages</i></p> <p>2.3.1 The translation of the Church Order in Setswana and Sesotho has been completed and published in a booklet also containing the Afrikaans and English versions.</p> <p>2.3.2 The translation of the Appendices in Setswana and Sesotho continues.</p> <p>2.3.3 The translation of the Church Order in Venda, isiZulu, isiXhosa and Tsonga has also been completed and is tabled to the Synod for approval.</p> <p>2.4 <i>Correction CO, art 86</i></p> <p>2.4.1 It has come to the attention of the</p>
---	--

<p>Deputate gekom dat die laaste sinsnede van KO, art 86 sedert Sinode 2012 uit die artikel weggelaat is. Geen motivering is in 2012 gegee waarom die sin weggelaat moes word nie.</p> <p>2.4.2 Die Deputate oordeel dat die saak staande die Sinode hanteer en reggestel kan word ooreenkomstig 'n geval waar 'n sin/sinsnede van die KO op bona fide wyse weggelaat is. Die aard van die weglating regverdig dit nie om die saak by wyse van KO, art 46 (Beswaarskrif) te hanteer nie.</p>	<p>Deputies that the last phrase of CO, art 86 since Synod 2012 has been omitted from the article. No motivation was given in 2012 as to why the sentence should be omitted.</p> <p>2.4.2 The Deputies judge that the matter standing the Synod may be dealt with and rectified in accordance with a case where a sentence/phrase of the CO has been bona fide omitted. The nature of the omission does not justify dealing with the matter by way of CO, art 46 (Petition of protest).</p>
<p><b>Besluit: Punte 2.1 tot 2.4.2 kennis geneem.</b></p>	<p><b>Decision: Points 2.1 to 2.4.2 noted.</b></p>
<p><b>3. Sake waaroor die Sinode besluit</b></p> <p>3.1 Om die weggelate sinsnede in artikel 86 terug te plaas sodat KO, art 86 soos volg lui: Hierdie artikels wat betrekking het op die wettige orde van die kerk, is so opgestel en aangeneem met algemene stemme dat hulle, as die belang van die kerk dit anders vereis, verander, vermeerder of verminder kan word en behoort te word. Geen besondere kerk, klassis of sinode het egter die reg om dit te doen nie, maar hulle moet hul daarop toelê om dit te onderhou, totdat die algemene sinode anders verorden, <b>nadat geleentheid vir advies deur die kerke gegee is deur middel van die onderskeie streeksinodes.</b></p> <p>3.2 Die Sinode benoem weer Deputate met die volgende opdrag:</p> <p>3.2.1 om voort te gaan met die vertaling van die Kerkorde (Sepedi) en alle Bylaes in ander landstale.</p> <p>3.2.2 Die publikasie en opdaterings van die Kerkordeboekie te hanteer.</p> <p>3.2.3 'n Kommissie aanwys om die proefvertalings van die Kerkorde in ander landstale na te gaan en 'n aanbeveling aan die Sinode te maak.</p>	<p><b>3. Matters that the Synod decide on</b></p> <p>3.1 To return the omitted sentence in section 86 so that CO, art 86 reads as follows: These articles pertaining to the lawful order of the church have been so drafted and adopted by popular vote that, if the interest of the church otherwise requires it, they may be altered, increased, or diminished. However, no particular church, classis or synod has the right to do so, but they must commit themselves to maintaining it, until the general synod is enacted otherwise, <b>after opportunity for advice has been given by the churches by means of the respective regional synods.</b></p> <p>3.2 The Synod appoints Deputies with the instruction to:</p> <p>3.2.1 continue with the translation of the Church Order (Sepedi) and all Appendices in other official languages</p> <p>3.2.2 attend to the publication and updating of the Church Order booklet and</p> <p>3.2.3 appoint a Commission to review the draft translation of the Church Order in other official languages and make a recommendation to the Synod.</p>
<p><b>Besluit: Punte 3.1 tot 3.2.3 goedgekeur.</b></p>	<p><b>Decision: Points 3.1 to 3.2.3 approved.</b></p>